Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

Jrg. 10 Kaapstad, 29 November 1950 Prys 3d. No. 2

## Tering Dalk Eersdaags In V.S.A. Uitgeroei

Tuberkulose mag binne 'n paar jaar uitgeroei wees as een van die vernaamste siektes in die Verenigde State, volgens die federale veiligheidsadministrateur, Oscar Ewing.

As gevolg van 'n intensiewe veldtog teen T.B. beklee dit tans die sewende plek, waar dit 50 jaar gelede siekte nommer een was.

Die openbare gesondheidsdiens glo vas dat die uiteindelike uitroeiing van die siekte in die Verenigde State heeltemal moontlik is. Dit mag selfs binne 'n paar jaar gebeur.

## 576,000 Franse Het Lewe In Oorlog Verloor

Sowat 576,000 Franse het hul lewens verloor gedurende die afgelope oorlog, het die regering aangekondig.

Hierdie syfer sluit in 198,000 wat op die slagveld gedood is, 9,844 wat as gevolg van weerstandsaktiwiteite doodgeskiet is, en 37,000 wat in „Maquis"-aktiwiteite gedood is.

Daar was 59,225 slagoffers van lugaanvalle en 182,000 persone wat om politieke of nasionaliteitsredes ontvoer is, is in gevangenis dood.

# Mentaliteit Waarmee S.A. Moet Saamwerk

**'n Tyd gelede het Die O.B. verwys na die verkoop deur Brittanje aan Rusland van 'n aantal spuitvliegtuie. Onder die opskrif „Kortsigtig" gee die Cape Argus in 'n algemene rubriek die volgende besonderhede van hierdie stuk dwaasheid:**

**„Teen die advies van die ministerie van lugvaart en tot onsteltenis van die Verenigde State het Brittanje vier jaar gelede 55 Rolls-Royce-spuitvliegtuie aan Rusland verkoop.**

**„En tans is die nuutste Russiese spuitvegvliegtuig wat teen die magte van die V.V.O. in Korea ingesit word, na verklaar word, voorsien van 'n motor wat 'n verbeterde eksemplaar is van een van daardie motore wat van Brittanje gekoop is.**

**„Nog meer — hierdie vliegtuig wat terugswiepende vlerke en stert het, is, na beweer word, in staat om 700 myl per uur te vlieg, wat hom die vinnigste vegvliegtuig in die wêreld maak.** Die enigste vliegtuig wat hom kan ewenaar is die Amerikaanse F-86 Sabre.

„Ons eie reguitvlerkige Vampires en Meteors, en Amerika se Shooting Stars en Thunderjets, vlieg teen 'n snelheid van ongeveer 600 myl per uur.

**IETS VERKEERD**

„Daar was klaarblyklik iets verkeerd met 'n uitvoerprogram wat terwille van 'n paar roebels die voorsprong wat die Britse genialiteit hom op die gebied van spuitvliegtuigontwerpe gegee het, in gevaar gestel het."

Totsover die Argus se kommentaar.

**Die fout het nie so seer by die uitvoerprogram gelê nie as by die politieke mentaliteit van die Britse regeerders wat selfs nou dat hulle gedeeltelik in 'n warm oorlog met die Kommuniste verkeer, nog nie bereid is om hul vriendskap van die oorlogsjare met die Sowjet prys te gee nie — iets wat verklaarbaar is as in aanmerking geneem word dat bekleders van die sleutelportefeuljes in die Britse kabinet in die verlede uitgesproke Kommuniste was.**

**„ANTI-FASCIS"**

In die oë van hierdie mense is enigiemand wat 'n „anti-fascis" is 'n kameraad wat met gunsbewyse oorlaai moet word. Dit is hierdie selfde mentaliteit wat gemaak het dat die mees geheime dienste in Brittanje uitgedeel is aan „anti-fascistiese" vreemdelinge wat teen die Britse kuste aangespoel het, soos Klaus Fuchs en Bruno Pontecorvo wat, met atoomgeheime belaai, gemene saak met die Russe gemaak het.

Dit is hierdie selfde mentaliteit wat vegvliegtuie en oorlogsmateriaal aan Rusland stuur, maar weier om aan 'n anti-kommunistiese land soos Spanje brood te stuur.

**Dit is met hierdie mentaliteit wat die Unie 'n eenheid moet vorm ten opsigte van sy verdedigingsplanne en waarvoor ons eerste minister eersdaags al weer 'n plaasvervanger na Londen stuur.**

# EMPIRE-EENHEIDSKOMITEE IN WORDING

## Gevaar Van Ongeskrewe Konstitusie

**Nadat die Britse Arbeiderregering aanvanklik die kritiek uitgelok het dat hy besig is om die Britse Empire te likwideer, word dit al meer duidelik dat hierdie regering inderdaad besig is om die subtiele beleid van die moderne Britse Imperialisme met welslae deur te voer en die Empire steeds stewiger aanmekaar te koppel met die onsigbare silwerdrade van „vrywillige samewerking" waarvoor harde imperialiste soos o.a. Joseph Chamberlain aan die begin van die eeu gepleit het.**

**Die jongste ontwikkeling in die verstewigingsbeleid is die doodluiterse instelling van 'n Empire-eenheidskomitee onder die onskadelike benaming „konferensie van eerste ministers van die Statebond". Hierdie Empire-eenheidskomitee het verlede jaar in Maart vergader om te verseker dat Indië binne die Statebond bly, en vir Januarie volgende jaar is weer 'n byeenkoms belê met 'n program so wyd soos die wêreld self. Volgens die Britse eerste minister kan selfs die kleurvraagstuk ter bepaling van 'n Statebondsbeleid daar bespreek word, en te oordeel na die verwagting van die Cape Argus is dit nie uitgesluit nie dat Brittanje die geskil tussen Suid-Afrika en Indië daar te berde sal bring.**

**Die moderne Britse Imperialisme onderskei hom van die ou imperialisme daarin dat hy toegespits is op 'n geestelike verslawing van die onderhorige volke in plaas van 'n politieke of militêre onderwerping. Hierdie geestelike onderwerping geskied deur dat aan die onderworpe volke die skyn van groter formele vryheid verleen word waardeur hul trou en liefde gewen word, terwyl Brittanje in elk geval die leiding binne die Statebond in sy hande hou.**

Dr. Malan het die welslae van hierdie beleid verlede jaar na sy terugkoms van Londen erken toe hy in die parlement gesê het:

„As die bande wat bind losser gemaak was in die verlede van tyd tot tyd, as dit nodig geword het om bande losser te maak, dan het die Statebond dit nog altyd reggekry om beslag te lê op die gees." (Hansard No. 15 kol. 5683).

**En 'n deel van hierdie beslaglegging op die gees bestaan juis daarin dat die woord „Brittanje" vervang word deur „Statebond", soos ook blyk uit die Eerste Minister se aangehaalde sin. Dit is nie meer Brittanje wat beslag lê nie, maar die Statebond, dit wil sê ons eie ding, en daarom gee ons nie om dat dit so is nie!**

**BRITTANJE IN BEHEER**

**Maar inderdaad is dit Brittanje wat die leiding binne die Statebond gee in alles, want in enige statebondskonferensie is dit die dominiale regerings wat na Londen opgeroep word waar 'n Britse minister of saakgelastigde die voorsitterstoel inneem en waar Britse belanghebbendes die sitting aanvul.** So word nou ook berig dat behalwe dat die heer Attlee ook die Britse ministers van buitelandse sake, verdediging en statebondsbetrekkinge (voorheen dominiale sake) by die besprekings aanwesig sal wees. **Veral die teenwoordigheid van 'n minister van statebondsbetrekkinge — 'n portefeulje wat die dominiums nie het nie — moet die sielkundige indruk van onderhorigheid aan moeder Brittanje versterk!**

**UITWENDIGE BANDE**

Daar is nog altyd 'n ou skool imperialiste in Brittanje wat nie hierdie subtiele onderwerping kan begryp of dit nie heeltemal vertrou nie. Hulle wil formele bande van onderhorigheid sien, en telkemaal word daar van hul kant aangedring op die stigting van 'n soort Empire-bestuur wat sal bestaan uit verteenwoordigers van die verskillende Statebondslede. Die voorstanders van die sielkundige imperialisme wil nie van so 'n konstitusionele instelling hoor nie omdat dit 'n sigbare band sal wees en die afskeidingsbeweging water op die meule sal gee. Toe die Konserwatiewe Party in November 1949 aan die hand gedoen het dat daar 'n „skakelkomitee" vir die Statebond in die lewe geroep moet word, het die minister van statebondsbetrekkinge gesê dat soiets **„oneindig skade aan die lewende samestelling van die Statebond" sal veroorsaak, en daaraan toegevoeg:**

„In Europa tree ons op by wyse van verdrae en instellings, maar dit is nie hoe ons in die statebond optree nie. **Laasgenoemde se eenheid kan alleen gebou word op die steeds nouere assosiasie van vrye volke wat so nou verbind is met mekaar dat hulle geen formele masjinerie nodig het of begeer om hulle saam te bind nie."**

**ONGESKREWE GRONDWET**

Waar die Britse regering nog konsekwent geweier het om enige formele „skakelkomitee" of grondwetlike liggaam vir Statebondsamewerking in die lewe te roep, daar doen hy dit sommer so doodluiters sonder dat die dominiums 'n snif in die neus kry. **Ooreenkomstig die Britse tradisie van ongeskrewe grondwet word daar nou 'n ongeskrewe konstitusionele skakelkomitee gebruik in die persone van die eerste ministers**

(Vervolg op bladsy 6 kolom 1)

## Statebond Bly Nog Empire

**In sommige kringe word voorgegee dat daar 'n verskil is tussen „Empire" en „Statebond", naamlik dat „Empire" net sien op die onderhorige kolonies van Brittanje, maar dat Suid-Afrika eintlik net lid is van die „Statebond".**

**Dat daar geen verskil tussen die twee terme is nie, het die Britse eerste minister vroeër in die jaar beklemtoon toe hy gesê het dat mens die benaming kan gebruik wat beste pas by sy sentiment.**

**Die waarheid hiervan word bevestig deur byvoorbeeld die volgende twee opskrifte vir dieselfde berig in twee Kaapstadse koerante verlede Saterdag:**

**Die Burger: „Goedere vir die Statebond".**

**Cape Times: „Empire Trade With Japan."**

# Eerste Ministers Weer Na Londen

**Die eerste ministers van die Statebond is deur die Britse eerste minister, Clement Attlee, opgevorder om weer in Januarie volgende jaar in Londen te vergader. Daar sal geen formele agenda wees nie maar enige saak van belang vir die Empire sal bespreek word, en dit sal onder meer gaan oor Korea, Suidoos-Asië, betrekkinge met Sjina, die gebeure in Tibet, Europese sake en die Noord-Atlantiese Verdedigingsbond, terwyl soiets soos 'n Empire-kleurbeleid in Afrika nie uitgesluit is nie.**

Behalwe al die dominiums sal ook Suid-Rhodesië verteenwoordig wees. Weens die swak gesondheid van dr. Malan sal hy nie persoonlik kan gaan nie, maar hy het dr. T. E. Dönges in sy plek afgevaardig — 'n ietwat verontrustende feit as in aanmerking geneem word dat dr. Dönges een van die sterkste voorstanders van die nuwe konsiliasie-beleid skyn te wees, en deur baie beskou word as dr. Malan se keuse vir 'n opvolger.

Die lede van die konferensie sal wees: Clement Attlee (Brittanje), R. G. Menzies (Australië), Louis St. Laurent (Kanada), Pandit Nehru (Indië), Liaquat Ali Khan (Pakistan), S. Holland (Nu-Seeland), D. S. Senanayake (Ceylon), dr. T. E. Dönges (Suid-Afrika) en Godfrey Huggins (Suid-Rhodesië).

Benewens Attlee sal ook die Britse ministers van buitelandse sake, verdediging en statebondsbetrekkinge die konferensie bywoon.

DIE O.B., WOENSDAG, 29 NOVEMBER 1950

# TWEE KONGRESSE

In November is twee Uniale byeenkomste in Bloemfontein gehou — 'n laertrek van die Ossewabrandwag en kort daarna 'n kongres van die Verenigde Party. Die een was verteenwoordigend van die volksbeweging, die ander van die partypolitiek, en die treffende teenstelling wat hierdie twee ordes bied, is vir elkeen duidelik wat die moeite wil doen om die twee kongresse — sal ons dit maar noem — met mekaar te vergelyk.

Die Ossewabrandwag as volksbeweging het te Bloemfontein 'n belydenis gedoen — 'n belydenis van 'n ideaal wat vandag so ongewild is dat selfs welmenende vriende van die beweging hom kwalik geneem het oor die onomwonde stelling van sy standpunt. **Daar is nie gevra wat betalend vir ons sal wees om aan die volk te sê nie of wat bevorderend vir die beweging sal wees nie. Nee, daar is maar net uitgespreek wat ons as die regte koers vir ons volk beskou, hoe onpopulêr so 'n uitspraak in die huidige omstandighede ook al mag wees.**

Anders was dit toe die politieke party aan die woord gekom het in Bloemfontein. Die toespraak van die leier en die besluite wat geneem is, toon met die eerste oogopslag dat daar nie gevra is wat is reg of wat is bevorderend vir die volk nie, maar **wat is nodig om aan die kiesers voor te hou sodat hulle weer vir die party in groter getalle sal stem.** Ons het hier 'n party gehad wat in „die woestyn verkeer" as synde „Sy Majesteit se Opposisie", en dit is sy reg en sy taak, volgens die begrippe van die Britse parlementêre stelsel, om te sorg dat hy weer aan bewind kom. Hy is die „alternatiewe regering" en hy moet metodes en weë soek om die bewind weer te bemagtig. En die kortste weg is om die grootste mate van verskil te onderstreep of voor te hou tussen hom en die party aan bewind, hoe swaar dit soms ook al gaan om verskilpunte te vind. So byvoorbeeld het die partyleier 'n uitgerekte betoog gehou oor die noodsaaklikheid dat Suid-Afrika lid van die Britse Statebond moet bly — **asof die huidige eerste minister nie herhaaldelik en plegtiglik die versekering gegee het dat Suid-Afrika „in elke omstandigheid" binne die Statebond sal bly nie. Oor hierdie versekerings word eenvoudig heengestap om die jingo-stemvee die skrik op die lyf te jaag en sodoende te verseker dat hulle nie terwille van kleurvooroordele teen die Verenigde Party sal stem nie.**

## INDIËRS

Die vrees dat die Natalse Engelse stem verlore kan raak weens die anti-Indiërgevoel in daardie provinsie, word ook nog verder besweer met die belofte dat die party op die kwessie van repatriasie sal ingaan en 'n onderneming van die leier om eersdaags in persoon sy oplossing vir die Indiër-vraagstuk in Natal te gaan stel.

Hierdie gepraat van die politieke partye oor repatriasie is nuttig vir die stembus maar verder kom dit ook nie — elkeen het reeds die geleentheid gehad om Indiërs te repatrieer, maar elkeen was nog so besig om sy bewind te verdedig teen die ywerige „Opposisie" dat statistieke toon dat die stroom Indiërs wat die land binnekom nog altyd groter was as die straaltjie wat die land verlaat. **En wat die Verenigde Party meer in besonder betref, toe hy die geleentheid gehad het om Indiërs te repatrieer, het hy verkies om Indiërs stemreg vir die parlement te gee.**

## „GEWONE MAN"

Die partykongres het ook nie nagelaat om aan die „gewone man" te dink nie. Banier-opskrifte het verkondig dat die Verenigde Party 'n onderneming gee aan die „gewone man" om hom te verlos van die stygende lewenskoste — **dieselfde party wat twee en 'n half jaar gelede by die stembus verslaan is juis oor die stygende lewenskoste!** En daar is ook beloftes gedoen vir groter vryheid sowel op ekonomiese as persoonlike gebied — **beloftes van dieselfde party wat meer noodregulasies en politieke vervolging in ons land toegepas het as enige ander partybewind voor hom.**

## EGTE KLANK

Net in een opsig was daar 'n egte klank te bespeur — die geklaag oor die voornemens van die regering ten opsigte van die Kleurlingstem, **en die egtheid het nie voortgekom uit besorgdheid oor „eerbaarheid en regverdigheid" of „terwille van waarheid" soos daar voorgegee is nie, maar dit het diep gevloei uit die hart van partybelang, want die voorneme van die regering gaan vir die opposisieparty 'n paar setels kos, en dit is juis terwille van setels wat daar in Bloemfontein kongres gehou is.**

So blyk nogmaals die diepgaande verskil tussen 'n volksbeweging en 'n politieke party. Eersgenoemde is daar terwille van 'n beginsel of ideaal en staan of val daarby. In die geval van laasgenoemde is die beginsel en ideaal daar terwille van die party — dit is daar om as middel gebruik te word in die wedstryd om die kussings.

# Van Die Os Op Die Esel

## Deur Sybrand

### Konsiliasie-Praatjies

Dit is merkwaardig hoedat die „konsiliasie"-gees onder ons mense begin posvat. Bowendien is dit onrusbarend. Ek wil 'n voorbeeld aanhaal.

Onlangs is die Britse wapen van die Raadsaal in Bloemfontein verwyder. En die plaaslike Engelse blad het glo fout daarmee gevind. Daarna het 'n rubriekskrywer in die plaaslike Afrikaanse blad — Die Volksblad — die saak in die reine probeer bring en slegs daarin geslaag om 'n verregaande voorbeeld van „konsiliasie" op skrif te stel. Ek gaan drie aanhalings doen uit sy kolomme, en wel soos volg:

Eerstens. „Nou sal die Afrikaner en die Engelsman by die Raadsaal kan verbystap en geeneen sal rede hê om terug te dink aan 'n nare tydperk nie." Watter bog! As die Britse wapen van die Raadsaal verwyder is sodat Afrikaners nie meer rede mot hê om terug te dink aan 'n „nare tydperk nie", dan moet die Vrouemonument en die Oorlogsmuseum ook mos verwyder word.

Tweedens. „Ek wil graag daardie droewige dae vergeet. 'n Mens bereik niks daardeur om heeldag herinner te word aan die dae toe 'n klein volkie deur 'n groot moondheid verpletter is nie." Het ons volk dan nou die stadium bereik dat hy nie alleen moet vergewe nie maar ook moet vergeet? En moet Afrikanerkinders dan nie meer van die Tweede Vryheidsoorlog in die skool leer nie: omdat dit vir hulle sal herinner aan die „droewige dae" wat hulle liewer moet „vergeet?"

Derdens. „Saam met die Engelssprekendes is hulle (dit is „die verslane en verslae Boere") vandag nog besig om 'n mooi volk te word." Maar wat het dan geword van die Afrikanervolk wat reeds vir geslagte bestaan en wat reeds in die geskiedenis 'n ereplek verower het vanweë sy heroïse eienskappe en sy taaie vryheidstryd, teen Britse oorheersing? Hoekom word daar dan nou gepraat van 'n volk wat nog „word?"

Waar kom hierdie soort „konsiliasie" skielik vandaan? Ek dink dit het sy oorsprong in die partypolitiek wat Engelse stemme wil wen. En miskien nog hierdie paai-praatjies 'n oes van Engelse kruisies by die stembus oplewer; maar een ding staan vas — dit sal die Afrikanervolk nie 'n tree nader aan sy bestemming bring nie.

### Diskriminasie t.o.v. Vakopleiding

My leser „Byna Sewentigjarige" vestig hierdie keer die aandag op die diskriminasie ten aansien van vakopleiding tussen blank en nie-blank. Hy skryf:

„Vir my het twee liggies op ons donker Arbeidshorison opgegaan; die besorgdheid van die Arbeidsdepartement oor ongelyke mate in een volk (lewensduurtetoeslae) en die besorgdheid van Die Burger oor die 25,000 verwagte immigrante wat die tekort aan arbeid in ons hoogloon nywerhede moet aanvul, terwyl dit poste was wat ons jeug moes ingeneem het. Die immigrante sal dan almal mense wees wat met die 14de jaar skool verlaat en met 19de jaar uit vakleerlingskap getree het.

„Nou wil ek u 'n paar vrae stel:

„Sal die Regering toesien dat die nywerheid na ons watergebiede gebring word of moet die water steeds na die nywerheid gaan. (Na die Water is Desentralisasie, na die Nywerheid is Sentralisasie).

„As die Kleurlingkiesers afgestig is in hulle eie kiesafdelings sal van hulle nog verwag word om net hulle name en beroepe te kan skrywe? (Verpligte skoolbesoek bestaan al so lank dat die blanke opvoedingskwalifikasie minstens Std. VI is).

„Sal ná die stigting van kleurlingkiesafdelings die huidige diskriminasie voortbestaan; blanke 16 jaar oud en Std. VI skoolsertifikaat vir toelating tot vakopleiding; Kleurling enige ouderdom (onder 16 of bo 21) en enige (of geen) skoolsertifikaat?

„Omdat daar groot besorgdheid bestaan oor die kleiner blanke geboortesyfer en die groter kleurling-geboortesyfer, kan die Blanke-geboortesyfer nie verhoog word nie in dien met vroeër ambagsbekwaming die huwelik vroeër aangegaan kan word? (In Holland is honderde en honderde met hulle 21ste jaar vaders. In Suid-Afrika lê ons ons leerjongskap met ons 22 — 23ste jaar ten vroegste af, moet dan nog spaar en op behuising wag om te kan trou, terwyl die 25,000 te wagte immigrante van wonings voorsien sal moet word.

### Toestand van Staatskantore

Pro Patria vertel van die toestand van die staatskantore op Robertson. Maar Robertson se geval is geen uitsondering nie! En juis omdat die toestande wat op my leser se dorp heers nie 'n plaaslike uitsondering is nie gaan ek sy brief publiseer. Hy skryf:

„Daar kom 'n tyd dat 'n donkie ook skop, en gevalle doen hulle voor dat 'n mens nie toelaat dat daar altyddeur met jou bal-bal gespeel word nie.

„Op Robertson is die gebou vir Justisie van so 'n aard dat word die knoppie aan die voordeur gedruk, kom 'n personeellid van die gevangenis te voorskyn en hy sê vir jou:

Reguit beland jou in die tronk.

Hiervandaan regs en aan die ent van aaneenlopende vertrekke kom jy by die magistraat te reg.

Hiervandaan links, nie die eerste deur nie, want dan is jy by 'n slaapkamer van die Sipier, maar die ent se deur, dan vind jy die Ontvanger van Inkomste.

Ek is doenig met die rooihempgarnisoen wat vooruit deur die hoofstraat beweeg en agteruit deur die straat waar die dokters en ander deftige mense se wonings sowel as die Pastorie geleë is.

„In die Stadhuis naasaan word ontoereikende ruimte gehuur vir Pos- en Telefoonwese — sedert 1915, teen £15 in die mand. Veertien klerke moet in vier vertrekkies van die N.G. Kerk-gebou beweeg; daar word ook huur voor betaal. Die polisie word gehuisves in 'n vier vertrekgeboutjie wat spesiaal vir hulle sowat 'n 22 jaar gelede deur 'n inwoner opgetrek is; dit eis ook huur. Voorts word gehuur 'n kantoor elk in die boonste verdieping van die Stadhuis vir die Regering se Waterwerke-ingenieur en Uitbreidingsbeampte.

„Tien jaar gelede is 'n beweging aan die gang gesit om agt morge grond beskikbaar te stel vir die gevangenis; die terrein is reeds oorgedra, maar die rooihempgarnisoen beweeg nog deur die voorstrate.

„'n Deputasie van die Poswese het so pas sy opwagting by die Stadsraad gemaak met die doel om die huur van die Poskantoor te verleng. Die Stadsraad het die versoek geweier. Die dorp verlang 'n doelmatige gebou om alle staatskantore onder een dak te bring."

## Wêreld Se Steenkool Raak Min

Daar dreig 'n groot tekort aan steenkool in Europa. Die ekonomiese kommissie van die V.V.O. het 'n vergadering van sy steenkoolgroep belê om die ernstige toestand te bespreek wat voortspruit uit die vinnig-kleinerwordende steenkoolvoorrade.

Dit mag meebring dat vuurherte en ander installasies hierdie winter nie sal brand nie. Dit is veral Duitsland en Tsjeggo-Slowakye wat hierdeur die ergste geraak sal word.

Die kommissie het reeds 'n beroep op steenkoolproduserende lande gedoen om hul produksie so vêr moontlik op te skuif en invoerders gewaarsku om onnodige groot voorraadopbouing te vermy.

## Rubberpaaie In Unie

Proefnemings met rubberpaaie word tans ook in Suid-Afrika gedoen. Die begin is gemaak met 'n strook by Kraaifontein, naby Kaapstad, terwyl ander stroke in Transvaal en Suid-Rhodesië gelê sal word. Dit volg op proefnemings wat reeds in ander dele van die wêreld, onder meer in Holland en Amerika, in die jongste tyd gedoen is. Hoewel die paaie meer sal kos, word verwag dat hulle veel langer sal hou en op die wyse 'n besparing sal meebring. Die rubber bestaan uit 'n vyfpersent (poeier)-mengsel met bitumen, en hoewel so gering, verleen dit groter veerkrag aan die paaie en dus groter duursaamheid.

**KERS- EN NUWEJAARSWENSE**

Wens u vriende en familielede met Kersfees en Nuwejaar geluk in Die O.B.

2/6 vir 36 woorde (spesiale tarief), en 1d. per ekstra woord. Geld moet saamgestuur word.

WENSE moet Posbus 1411, Kaapstad, bereik voor 15 Desember.

# Moontlike Gevolge Van Eenwording Van Partye

**Sedert die Malan-Havenga-ooreenkoms oor voorgenome kleurwetgewing 'n tyd gelede aangekondig is, is baie voorspellings gemaak oor die onvermydelikheid van samesmelting tussen die Herenigde Nasionale Party en die Afrikanerparty. Hierdie voorspellings is deur 'n leier van die Afrikanerparty, dr. Jan Steyn, op die pasgehoue Laertrek van die O.B. bevestig toe hy prontuit verklaar het dat die Afrikanerparty bereid is om van die politieke toneel te verdwyn.**

**Na hierdie verklaring is daar geen moontlikheid van die voortdurende bestaan van die Afrikanerparty nie en kan die party se lede slegs nog dink oor die bepalings van ontbinding van die party.**

Die beslissende bepalings sal waarskynlik neergelê word in 1951, wanneer bes moontlik die laaste jaarlikse kongres van die party gehou sal word. Dit is nog heeltemal onduidelik of die Afrikanerparty-kongres eenvoudig die party sal ontbind en partylede sal aanraai om maar by die H.N.P. aan te sluit; en of die H.N.P. en die A.P. albei sal ontbind wanneer die partye se lede outomaties of by aansoek lede sal word van 'n nuwe saamgesmelte party.

### TOEKENNING VAN SETELS

'n Ander saak wat moontlik by ontbinding ter sprake mag kom, is die toekenning van setels in die Senaat, Volksraad en in die provinsiale rade aan kandidate wat lede is (of was) van die Afrikanerparty. **Dit kan aangeneem word dat die bestaande takke van die A.P. sal voortleef tot in 1951 wanneer hulle afgevaardigdes sal stuur om deel te neem aan die verrigtinge van die aanstaande ontbindingskongres.**

### DISKRIMINASIE

Dr. Jan Steyn het, in die toespraak waarna ek verwys het, die verwydering van diskriminasie teen lede van die Afrikanerparty gestel as 'n voorvereiste vir die verdwyning van die Afrikanerparty. Hy het egter die verwydering van sodanige diskriminasie by die vooruitsig gestel: trouens sy toespraak het die indruk geskep dat hy die verwydering van diskriminasie as so 'n vanselfsprekendheid beskou dat hy gladnie ernstig rekening hou met die voortduring daarvan nie.

### NUWE TOESTAND

Indien dr. Jan Steyn reg is — en ek hoop en vertrou van ganser harte dat hy reg is — dan nader Afrikaners 'n nuwe toestand wat min of meer vergelyk kan word met die toestand

**POLITIEK IN OËNSKOU DEUR 'N MEDEWERKER**

wat vóór 1941 in ons land geheers het. In die jare 1939-40 het die Afrikaners aan sowel die nasionale politieke party as die republikeinse volksbeweging behoort. En daar was destyds tussen die H.N.P. en die O.B. hartlike samewerking. Dit was die dae van Afrikanereenheid en -insluiting.

**Indien die samesmelting van die H.N.P. en die A.P. en die verwydering van die diskriminasie teen die O.B.-lede van die Afrikanerparty 'n voldonge feit word dan mag daar weer, en hopelik sal daar weer, hatlike verhoudings ontwikkel tussen die saamgesmelte nasionale politieke party en die republikeinse volksbeweging.**

### VERKIESINGSTEUN

Wanneer hierdie toestand tot stand kom, verwag ek nie dat al die lede van die nasionale politieke party ook lede van die Ossewabrandwag sal word nie. Maar ek verwag tog dat baie lede van die nasionale politieke party wat sterk republikeinsgesind is ook by die Ossewabrandwag sal aansluit. En omgekeerd verwag ek nie dat al die lede van die Ossewabrandwag by die nasionale politieke party sal aansluit nie. Maar ek verwag tog dat sommige O.B.-lede wat ook op die partypolitieke terrein wil veg dit sal doen.

**Maar afgesien van moontlike wedersydse lidmaatskap sal die herstel van vriendskaplike verhoudings tussen die nasionale politieke party en die republikeinse volksbeweging dit maklik maak en moontlik maak vir lede van die Ossewabrandwag om by verkiesingsgeleenthede te gaan stem vir die kandidate van die nasionale politieke party. En dit sal ongetwyfeld die nasionaalgesinde parlementêre front konsolideer.**

### DIE NUWE SKOF

Afgesien van die kruisie-hulp wat lede van die Ossewabrandwag ongetwyfeld aan die nasionale politieke party sal gee, het die jongste Laertrek dit duidelik gemaak dat die Ossewabrandwag sal voortgaan om brandwag te staan oor die kosbare republikeinse erfenis van die Afrikanervolk. Dit is die beweging se onvervreembare en historiese taak

**Noudat die Hertzog-skof wat in 1912 begin het, afgesluit word omdat die dinge waarvoor wyle genl. Hertzog geveg het, verkry is; nou moet die Afrikanervolk nie net veg om verkiesings te wen nie — en in die proses duurgekoopte beginsels verkwansel nie; nee, nou moet die Afrikanervolk 'n nuwe skof aanpak waarin hy dinge sal verkry wat hom 'n ent nader na sy bestemming sal bring.** Die Ossewabrandwag se Laertrek het reeds die dinge gemerk waarvoor in die nuwe skof geveg moet word.

# ENGELSSPREKENDE HOU RHODESIË 'N SPIEËLTJIE VOOR

**Na aanleiding van 'n berig dat daar in Suid-Rhodesië 'n organisasie van „Vigilantes" gestig is om op die Afrikaners te loer en te sorg dat hul veronderstelde geheime bedrywighede onder die aandag van die regering gebring word, skryf die organiserende sekretaris van die Sons of South Africa, mnr. S. E. D. Brown, as volg in die Cape Times:**

**„Baie mense in Suid-Afrika sal meegevoel hê met die waaksaamheidsbeweging wat in Suid-Rhodesië ontstaan het, omdat ook ons dergelike moeilikhede met immigrante en minderhede ondervind wat weier om Suid-Afrikaners in Suid-Afrika te word. Maar waar die Suid-Rhodesiërs besonder gelukkig is, is dat die openbare mening en pers wat hulle as patriotte ondersteun presies dieselfde openbare mening en pers is wat sulke waaksaamheidsbewegings in Suid-Afrika bestempel as rassehaat-, fascistiese en nazistiese organisasies.**

„Iedereen wat Rhodesië goed ken, is deeglik bewus van die gevoel wat Suid-Rhodesiërs vir sowel Afrikaners as Suid-Afrikaners in die algemeen koester. Maar ek onthou nog 'n gesprek wat ek gehad het met 'n oud-hoofnaturelle-kommossaris wat gesê het dat hy nie na Rhodesië sou getrek en daar 'n gesin grootgemaak het indien hy vooraf geweet het wat die Britse koloniale naturellebeleid sou wees nie.

„En dit sal nogal interessant wees om te sien presies hoe lank die 100,000 Rhodesiërs hul pragtige isolasie en uitsluiting tussen die Limpopo- en die Zambesie-riviere gaan handhaaf — en ook om te sien of hulle uiteindelik noord of suid gaan kyk vir die oplossing van vraagstukke wat na alles ooreenstem met dié van ons.

„My eie raaiskoot is dat dit suid gaan wees. En dit ten spyte van wat Rhodesiërs van die Afrikaners dink, en ten spyte van daardie voormalige Suid-Afrikaners wat tans die stigterslede is van die Suid-Rhodesiese waaksaamheidsbeweging wat blykbaar dink dat daar rede is om skaam te voel om Suid-Afrikaners te wees."

## Begeer S.A. Se Steenkool

Steeds meer lande begin die oë na die Unie opslaan om steenkool. Daar is 'n ongelooflike vraag na Suid-Afrikaanse steenkool, en lande soos Italie, Portugal, Swede, Denemarke, Pakistan, Ierland en nou selfs Brittanje — wat self 'n groot steenkoolland is — koop reeds steenkool van die Unie of wil dit graag koop.

Groot opskudding is in die Britse laerhuis veroorsaak toe die regering aangekondig het dat hy die invoer van steenkool uit Suid-Afrika oorweeg. As rede word gegee dat die groter nywerheidsbedrywigheid in Engeland groter eise aan steenkoolmyne stel as wat plaaslik voorsien kan word. Eintlik is dit te wyte aan die lae produksie van die Britse steenkoolwerkers wat al die jare geleer is om so min werk as moontlik te doen vir soveel geld as moontlik.

# GOOI POEIER IN HART EN GENEES KWAAL

**Die mediese wetenskap het reeds verbasende resultate behaal ten opsigte van die delikate hart-orgaan van die mens, en nog steeds word berig van nuwe metodes wat aangewend word om hartkwale te genees. 'n Sekere dr. Thompson in Amerika het reeds meer as veertig geslaagde operasies uitgevoer in verband met hartslagaar-kwale deur eenvoudig 'n snit in die hartsak te maak en daar talk in te gooi. Die operasie duur net twintig minute en is dus baie minder uitputtend as sekere ander sny-metodes wat van vier tot vyf uur lank duur.**

Die hartsak word oopgesny en 'n klein hoeveelheid besonder fyn talk word oor die binnekant van die hartsak gestrooi. Die poeier werk soos 'n prikkel en laat die hartsak ontsteek met die gevolg dat bloed deurstroom tot in die hartspier waaraan die poeier ook kleef. Nuwe aartakke ontstaan in die spier en dit voorsien die spier van die bloedvoorraad wat nodig is om die hart te laat klop.

Die talk bly in die hart vir die res van die pasiënt se bestaan, en hoewel dit voortduur om as 'n prikkel te dien, is die pasiënt onbewus daarvan, behalwe dat hy gesonder voel. Meeste pasiënte wat die operasie ondergaan het — en feitlik almal van hulle was invalides as gevolg van die hartkwaal — is verlos van die hewige hartkrampe, terwyl etlikes weer begin werk het — selfs swaar handearbeid.

## Regering Hou Wolgeld Agter

**Die Nu-Seelandse wolboere het toegestem dat een-derde van die geld wat hulle in die huidige seisoen uit die verkoping van wol kry, teruggehou word, volgens 'n verklaring van die eerste minister, Sydney Holland.**

Die geld sal sonder rente teruggehou word totdat 'n komitee besluit het wat daarmee gedoen mag word, en dit sal vry wees van belasting totdat dit aan die boere uitgekeer word. Die stap, wat 'n poging is om inflasie teen te gaan, volg op dergelike optrede in Australië waar die regering 'n wetsontwerp ingedien het waarvolgens die wolboere vanjaar een-vyfde van hul inkomste aan die regering moet oordra as vooruitbetaling van belastings. Die regering het ook 'n subsidie van £20,000,000 op wolgoedere aangekondig om verbruikers teen die hoë pryse te beskerm.




Waar u ook mag wees

Kommando

is die gewildste

Suid-Afrikaanse sigarette




G1-3052-AF

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande.** Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld **na VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

### TE KOOP

Tien gekruisde Duitse merino rammetjies van geregistreerde vaders. Bel 6811, Wellington. Telegrafeer Du Toit, Malanstasie. 4/10/19B

Voortrekkerkispak (No. 4) geskik vir feesgeleenthede. Pas persoon van 5 voet 9 dm., £10 of redelike aanbod. Skryf aan — „Werkloos", **Posbus 1411, Kaapstad.** T.K.

### GRYSHARE

**GRYSHARE** herstel, skilfers verwyder, haregroei bevorder, jongvoorkoms verseker, dit waarborg **GRYSHAARWONDER,** die jongste kunsmatige wêreldwonder haar- en kopvel voedingsmiddel u, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel geld met bestelling. **Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** C/1/9/49

**Antigrys herstel gryshare** en baard tot natuurlike kleur. Geen kleurstof. Verwyder skilfers, laat hare groei, ens. Gewaarborg of geld terug. 5/6 Per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** E14/6/50

### MEDISYNE

Verwyder die wortel van u kwaal of siekte en herstel u regmatige erfenis GESONDHEID, ons beskik oor die middels en behandel alle siektes, skryf, inligting gratis.—**Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** A/1/9/49

**U Radio moet van Morkel wees**

SES TAKKE

„Besoek ons Tak in die Wandelgang, Groote Kerkgebou, **vir Radios, Elektriese Toestelle en Meubels.** Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, **Phil Morkel,** Posbus 2721, Kaapstad."

**Duisende is reeds van hulle kwale bevry.** Talle vind daagliks baat. Waarom sal u langer ly. Skryf dadelik, raadpleeg **Die Boerevrou,** Bus 7559, Johannesburg. (Nr. 3) 1/9/49

### MARK AGENTE

**Kamerade Aandag!** As julle miskien 'n ander agent ondersteun het voordat ek begin het, kan julle mos darem so af en toe julle besendings deel, of hoe? Merk julle besendings **Bellingan, U.T.H.,** die Spoorweë verkies dit so. Plaas julle bestellings vir vrugtebome vroegtydig by **Sunrise Nurseries, Posbus 4 Nuweplaas.** 19/4/TK

### VAN'S CONCRETE PRODUCTS (EDMS.) BEPERK

**Direkteure:**
P. W. J. van Heerden.
P. G. van Heerden.
Potgieterstraat 258,
h/v Pretoriusstraat,
PRETORIA.

TEëLS (vloer en muur — verskillende tipe), KOMBUISOPWASBAKKE, (vleklose staal en Terrazzo), SEPTIESE EENHEDE — W.C. STELLE, BADDENS EN HANDEWASBAKKE, VERF- EN STAALVENSTERS, LOODGIETERS BENODIGDHEDE, ENS. 8/11/TK

### MEUBELS

**MEUBELS.—** Beter meubels teen billiker pryse Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. **—VISSER-MEUBELS, Langstraat 179,** Kaapstad. 3/12/11

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435

### VERVOERDIENS

*Vir algemene karweiwerk en ook vervoer van mense tree in verbinding met*

**J. A. STRAUSS**

**Posbus 64 - - Telefoon 9-8355**
**PAROW**

# DIE PARLEMENT WORD 'N VRAAGSTUK

**„Die regering het 'n lang wetgewende program in voorbereiding vir die volgende parlementsitting wat op 19 Januarie begin.**

**„Die program is so uitgebreid dat die vraag noodwendig te berde moet kom of dit nie wensliker is nie dat, in plaas van een sitting per jaar, die parlement met kort tussenposes die hele jaar deur moet sit.**

**„Dit bring dan ook weer nader aan die voorgrond die vraag of die land met twee hoofstede moet voortgaan.**

**„Nou dat die regering ruim twee jaar aan bewind is, is hy op stryk. Hy het soveel belangrike maatreëls aan die kom dat hulle die Parlement maklik 'n jaar lank besig sou kan hou."**

**Aldus lui 'n berig in die regeringspers.**

In antwoord op hierdie berig het Die Burger hom uitgespreek teen die vooruitsig van 'n voljarige sitting van die parlement wat 'n enkele hoofstad noodsaaklik maak. Die blad meen dat die vraagstuk van lang sittings en baie wetgewing opgelos kan word deur twee maatreëls — vroegtydige indiening van wetgewing sodat die parlement uit die staanspoor ingespan word, en tweedens deur die debatte „nie onnodig uit te rek nie".

**Tydens die vorige sitting het die politieke partye 'n hewige stryd teen mekaar gevoer juis in verband met die twee punte wat Die Burger as 'n oplossing noem.** Aan die een kant het die opposisie die stem luidkeels en uitgerek verhef teen die bose gewoonte van die regering om strydwekkende wetgewing op te gaar vir die laaste paar weke van die sitting. Die O.B. het met aanhalings aangetoon dat dit nie 'n gewoonte van die huidige regering alleen is om die wetgewende program so lank as moontlik te vertraag nie, maar dat die opposisie presies dieselfde gedoen het toe hy aan bewind was en hom presies dieselfde kritiek op die hals gehaal het uit die mond van die huidige regeringsparty wat toe in opposisie was.

### SOOS 'N VIS

Die rede waarom daar nie vroegtydig met ingrypende wetgewing begin word nie, is omdat die gespartel van die opposisie in die begin van die sitting net so kwaai is as dié van 'n fris vis, en net soos die hengelaar die vis eers moet laat moeg spook voordat hy met sy uittrek-beweging begin, moet die regering in die partystelsel die oppsisie eers laat moeg spook oor minder belangrike sake voordat hy die groot wetgewing kan aanpak. **Dit is 'n poging tot ontvlugting van die byna onoorkomelike las wat die partystelsel in die vorm van 'n „amptelike opposisie" op die skouers van enige regering laai, en solank hierdie las bly bestaan, sal geen party-regering geneë wees om volstoom met belangrike wetgewing vroeg in die sitting te begin nie.**

### LANG TOESPRAKE

Oor die tweede punt wat Die Burger as oplossing noem, is daar ook in die jongste sitting baie stof opgeskop. **Die regering het telkemaal probeer om die bespreking in te kort deur die sogenaamde „valbyl" in te voer, maar daar is byna meer tyd gemors met bespreking van die valbyl as wat verlore sou gegaan het indien vrye bespreking maar toegelaat was.**

Die opposisie is 'n amptelike deel van die wetgewende masjien en as sodanig moet hy so min as moontlik beperk word in sy funksie of die masjien werk al gou nie meer glad nie. 'n Regering skrik dan ook baie gou as die opposisie dreig dat hy die goeie betrekkings met die regering sal afbreek — dit is 'n ultimatum wat gewoonlik aan sy doel beantwoord. **En geen opposisie sal maklik afstand doen van sy reg om die parlement te gebruik as sy vernaamste propaganda-verhoog nie.**

### DIE WORTEL

**En dit is presies waar die moeilikheid lê: die parlement is in die eerste plaas nie meer 'n wetgewende liggaam nie, maar 'n propaganda-masjien, 'n uitstalvenster vir die politieke partye met die oog op die volgende verkiesing. Vandaar dat 80 persent van die inhoud van Hansard nie saaklike bespreking is nie, maar ydele geklets wat bedoel is vir die ore van „die volk daarbuite".**

Die voorstel dat die parlement die hele jaar met kort tussenposes moet sit, is 'n erkenning van die ondoeltreffendheid van die partystelsel, maar die geneesmiddel wat aanbeveel word, sal erger wees as die kwaal omdat met meer tyd tot hul beskikking en verfris deur gereelde rusperiodes die parlementslede nog langer sal kou aan hul propaganda-drade. **Maar die belangrikste nagevolg van hierdie geneesmiddel sal wees dat dit die ongewenste beroepspolitikus tot 100 persent voltalligheid in die parlement sal verhef.**

**Die redmiddel kan dus nie binne die euwel self lê nie — dit moet daarbuite gevind word, en wel in die volksregeringstelsel van die ou Republieke wat geen partyregering geken of toegelaat het nie.**

(Vervolg van bladsy 5 kolom 5)

saambring. Veldkornette(s) en senior offisiere moet voor 1 Desember vir bogenoemde in kennis stel van hoeveel tente en lanterns hulle kan meebring.

Tente, kampbeddens, kombersе, handdoeke en eetgereedskap moet behoorlik gemerk word.

Laergangers wat musiekinstrumente besit, moet dit verseker saambring.

Sodra enige laerganger in die laer aankom moet hy/sy hom/haar onderwerp aan die reëls tug en dissipline van die bevelvoerende offisier of enige offisier deur hom aangestel.

**Bydraes van slagvee, mieliemeel, aartappels, vrugte, ens. aan die laer sal welkom wees. Hierdie voorrade en ander goedere kan aan MNR. A. MALAN, OLIFANTSKOP, MALANSTASIE geadresseer word.**

# Was U Ook By Die Ossewaens?

- **Het u ook gevoel hoe dit smaak wanneer Afrikaners saam verkeer as VOLKSGENOTE in plaas van PARTY-GENOTE?**
- **Het u ook gesien tot watter hoogtes ons volk in staat is wanneer hy die verlammende en verstikkende partypolitiek opsy skuif?**
- **Het u ook die bloed in u are voel bruis by die besef dat u besig is met iets wat aan u vaders behoort het?**
- **Wil u graag hierdie toestand laat terugkeer en dit vir die toekoms bestendig?**
- **Dan moet u ywer vir die herstel van die Afrikaner se EIE STAATSTELSEL op die grondslae deur ons vaders gelê.**
- **Daarmee kan u help deur nog 'n leser van DIE O.B. te wen.**
- **As elke leser nog een nuwe hierdie week bybring, is u krag aanstaande week verdubbel!**

## Intekenvorm

*Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B." tot ek u in kennis stel om toesending te staak.*

*Hierby ingesluit vind u die bedrag van* ..........................

..........................*vir die eerste*..........................*maande.*

*NAAM*..........................
(Naam en Adres in Blokletters)

*POSADRES*..........................

..........................

..........................

..........................

*Handtekening.*

**Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.**

**Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.**

## VERLIGTING VAN PYN

Prof Felix Mandl, hoof van die chirurgiese afdeling van die Franz Josef-hospitaal in Wenen, beweer dat hy 'n metode uitgevind het om pyn in gevalle van ongeneeslike siektes stop te sit sonder om die geestelike vermoë van die pasiënt te benadeel. Hy het 'n vergadering van die vereniging van geneeshere in Wenen meegedeel dat dit gedoen kan word deur novokaïne regstreeks in die brein in te spuit. Hierdie ontdekking van hom het na bewering 'n indruk gemaak op prof. Hoff, hoof van die neurologiese kliniek van Wenen.

**Somertabberds**
**In Hul**
**Heldere**
**Patrone**
***BY***

**Steyns**

**DIE MODEWINKEL**
***Parow***

# OFFISIER UITGEDAAG

**Mev. J. Theron, Koffiefontein, skryf:**

Tydens die laertrek op 8 November te Bloemfontein het iets gebeur wat my feitlik uitdaag om hierdie brief te skryf.

Aan die einde van die verrigtinge het 'n offisier (ek weet nie wie hy is en wat sy rang is nie) opgestaan en op baie besliste wyse die laergangers hul bydraes laat lewer om die finansies van die Beweging te sterk. Die uitslag was vir my baie duidelik dat ons te doen het met 'n man wat deursettingsvermoë besit, iemand wat kan toon dat, waar 'n wil is, is daar 'n weg. Ek het sy optrede waarlik bewonder.

Nou wil ek weer op my beurt 'n vriendelike uitdaging aan die genoemde offisier rig. Op 27 Februarie vier ons Amajuba- of Vryheidsdag, dan gaan hy en ek 'n spesiale bedrag inbetaal wat ons van nou af tot daardie tyd kan bymekaarmaak. Die voorwaardes hieraan verbonde is: géén kollektelyste hiervoor nie, ook nie sommer die hand in die sak steek en maklik betaal nie. Ons moet werk vir daardie bydrae en moet begin deur „iets uit niets te vervaardig of as geld 'n noodsaaklikheid is, mag nie meer as 5/- geneem word nie. Die kommando's of enigiemand wat wil kan saamwerk — natuurlik nie daarvoor moet gewerk word. Na 27 Februarie word dan verslag gedoen van die wenke wat aangewend is.

## Soos Ons Lesers Dit Sien

# BEDRYF PARTYPOLITIEK IN DUITSLAND SE UUR VAN NOOD

(Ons Duitse Korrespondent)

**BONN, 9 November.**

**Gister het die debat oor die moontlike militêre bydrae van Duitsland tot die Westerse verdediging, wat al lank verwag is, plaasgevind. Dr. Adenauer het sy toestemming tot so 'n bydrae uitgespreek, mits die federale regering deur die Westerse moondhede genader word en Duitsland as 'n vennoot met gelyke regte in die Westerse verdedigingstelsel ingeskakel word. Die leier van die Sosiaaldemokratiese Party (SPD), dr. Schumacher, het hierop met 'n kortaf „Nee" geantwoord en in 'n toespraak van etlike ure sy redes en teenargumente uiteengesit.**

Die groot debat oor 'n moontlike militêre bydrae deur Duitsland tot die Westerse verdediging het geen toenadering tussen die regering en opposisie wat sedert weke skerp teen mekaar gekant was, ten gevolge gehad nie, hoewel die kanselier, dr. Adenauer, met 'n groter mate van diplomatiese en sielkundige bekwaamheid as wat hy voorheen gebruik het, die twyfel van die Duitse publiek en die afkeur van die opposisie ontmoet het.

Nadat dr. Adenauer in sy toespraak die Russiese uitbreiding na die Weste en die enigste moontlike verdediging daarteen, nl. 'n netso sterk Westerse militêre beskermingsfront; asook die plig van Duitsland teenoor Europa en die volkere van die Westerse beskawing geraak het, het hy verklaar dat die voorstelle van die Praagse konferensie vir Duitsland heeltemal onaanneemlik is solank vrye verkiesings in die Sowjetgebied nie gewaarborg word nie. Hy het daarop gewys dat volgens die verklaring van die New Yorkse konferensie van ministers van Buitelandse sake die federale regering in Duitsland die enigste deur hulle erkende regering en verteenwoordiger van die Duitse volk is en dat toestemming van die federale regering verkry moet word voordat op die „Konferensie van Vier" wat volgens die jongste Sowjet nota geëis is, oor die lot van Duitsland beslis kan word.

### PLEVEN-PLAN

Omtrent die Pleven-plan het die Kanselier gesê dat Duitsland „met bevrediging en dank" van 'n verklaring van die Franse hoëkommissaris, Francois-Poncet, kennis geneem het dat alle diskriminasie teenoor Duitsland uitgesluit is en dat die Duitse regering die Plevenplan „as 'n belangrike bydrae tot die integrasie van Europa" beskou, maar dat die Plevenplan te veel tyd verg met die oog op die teenswoordige gevaarlike tyd. „Onafhanklik van die Pleven-plan", het dr. Adenauer voortgegaan, „behoort mens die poging wat op die konferensies gedurende die laaste maande aangewend is om die huidige gevaarlike tydperk van internasionale spanning te beëindig, so gou soos moontlik en met alle krag voort te sit." Die krag van die Westerse wêreld teenoor Sowjet-agressie is alleenlik gewaarborg wanneer die Westerse wêreld 'n eenvormige verdedigingstelsel skep.

Volgens dr. Adenauer is daar twee voorwaardes waaraan die medewerking van Duitsland aan so 'n afweerfront moet voldoen, nl.:

„Eerstens moet so 'n afweerfront so sterk wees dat dit elke vorm van Russiese Agressie onmoontlik maak;

„Dan moet die Federale Republiek van Duitsland, as dit daaraan deelneem, **gelyke pligte maar ook gelyke regte hê** soos al die ander lande wat deelneem."

Deur middel van so 'n afweerfront sou die hereniging van Oos- en Wes-Duitsland bewerkstellig kan word. „Die gevaar uit die Ooste is nie onkeerbaar nie, en die Duitse volk wat vrede liefhet sal nooit hoop opgee dat vrede mag behoue bly nie."

### OPPOSISIE SÊ „NEE"

In 'n lang toespraak het die leier van die opposisie op dr. Adenauer se toespraak geantwoord. Hy het die noodwendigheid vir 'n sterk Westerse afweerfront erken asook die Duitse verpligtinge; maar hy het die regering gewaarsku teen die gebruik van angs vir die Ooste as 'n propaganda-instrument vir militarisasie, en gewaarsku teen agitasie met „tyd wat kort raak."

„Om in 'n onvoorwaardelike militarisasie te gly vergroot die gevaar van Duitse vernietiging." **Alleenlik wanneer die demokratiese strydmagte in Duitsland so sterk is dat hulle by 'n aanval uit die Ooste onmiddellik die teenaanval, nl. beslissing van die oorlog buite Duitsland se grense kan los, kan die Duitse volk sy militêre bydrae tot die verdediging van die wêreld se vryheid gee.**

Die kortaf „nee" in antwoord op die regeringsverklaring van dr. Adenauer het die opposisieleier gedurende sy toespraak probeer om met verdere argumente en eise te verduidelik. **Hy het as eerste doel, voor nog die kwessie van Duitse deelname geopper kan word, gelyke regte vir Duitsland geëis.** Hy het op paragraaf 11 van die New Yorkse „Communique" gewys, waarin verklaar word dat die gees van onvoorwaardelike oorgawe nog voortbestaan. Dan het hy beslis teen die Plevenen Schumann-planne gepraat. „Duitsers kan nie verwag word om die bekommernisse en sorge (binnelandse politieke moeilikhede in Frankryk) deur middel van Duitse materiële en morele offers uit die weg te ruim nie."

Met skerp woorde het Schumacher teen die metodes van „oorrompeling" van die Duitse regering uitgewei en daarop gewys dat die grondwet geen verdedigingskonstitusie ken nie en dat enige verdedigingswet dus 'n verandering van die konstitusie sou wees.

### PARTYPOLITIEK

**Die Duitse openbare mening wat met groot belangstelling die Bonnse debat gevolg het, staan na die debat meer as ooit tevore onder die indruk dat ook in hierdie kwessie wat vir Duitsland so beslissend en noodlottig is, die partypolitieke stryd tussen regering en opposisie nie in staat was om 'n saaklike diskussie te voer wat op egte gegewens en moontlikhede gebaseer is nie.** Teenoor die wantroue in Adenauer se geheime kabinetpolitiek staan 'n altyd groeiende afkeer aan retoriese toesprake — soos dié van die Duitse opposisieleier wat 'n alte duidelike gebrek aan geslote logika getoon het. Die indruk ontstaan dat dit spruit uit die stryd tussen twee partye en nie uit 'n vir Duitsland so noodlottige vraagstuk nie. Daarbenewens laat die argumente van die opposisie wat geen verskille van stelling, maar eerder tegniese verskille met die standpunt van die regering toon, duidelik blyk dat die pad wat deur die Westerse moondhede sedert 1945 in Duitsland ingeslaan is, nie binne 'n paar weke of maande „teruggaande" gemaak kan word nie. Op die oomblik sou dit vir die Westerse Geallieerdes gerade wees om aan die opposisie te toon dat hulle argumente geen geldigheid meer besit nie. **Die feit dat die politiese uitlatings van die Westerse moondhede nog geensins met hulle besettingspraktyk strook nie word weer getoon daardeur dat so pas 'n paar dae gelede twee Duitse staatsburgers weens verdagte krygsmisdade wat hulle in Frankryk sou begaan het, teen die teenkanting van die Württemberg-Badiese ministerie van Justisie wat hulle op die grondwet beroep het, aan Frankryk uitgelewer is deur die Amerikaanse besettingsmagte.** Ook in Beiere het onlangs sulke inhegtenisnemings plaasgevind.

# Vervoerorganisasie Nog Nie Gestig

Nadat die konferensie oor vervoer in Midde- en Suidelike Afrika drie weke lank in Johannesburg beraadslaag het, kon daar nie tot 'n ooreenkoms geraak word wat betref die daarstelling van 'n permanente vervoerorganisasie nie.

Daar is besluit dat die bestaande tussentydse vervoerorganisasie wat 'n uitvloeisel was van die Lissabonse konferensie verlede jaar, sal voortbestaan. Ondertussen sal die vorm waarin toekomstige samewerking op vervoergebied sal geskied tesame met 'n ontwerpkonstitusie vir 'n permanente liggaam terug verwys word na die betrokke regerings.

Die finale verslae van die ses komitees wat op die konferensie saamgestel is om die vervoerprobleme in besonderhede te ondersoek, sal by die finale akte van die konferensie ingesluit word, maar alvorens hierdie finale akte nie deur al die betrokke regerings onderteken is nie, is geen besluit van die konferensie finaal nie.

Die feit dat die konferensie nie tot die stigting van 'n permanente vervoerorganisasie oorgegaan het nie, bring die posisie van mnr. Marshall Clark in gedrang. By sy uittrede uit die Spoorweë het die Minister in vooruitsig gestel dat hy as sekretaris-generaal van die gestigte organisasie in Oktober aangestel sou word, en dat die regering indien die pos nie teen 1 November 1950 in aansyn kom nie, hom 'n vergoeding teen die skaal van £3,000 per jaar tot 1 Junie 1960 sal betaal.

Die inwerkingtreding van hierdie onderneming word klykbaar nog vertraag deur die besluit om intussen voort te gaan met die tussentydse organisasie in die hoop op 'n blywende liggaam later.

# BOEREJEUG-LAER TE WELLINGTON

Dis besluit om gedurende die Desember-skoolvakansie 'n laertrek vir alle lede van die seunsen dogters-afdelings van die Boerejeug te hou.

Die laer sal gehou word vanaf 9 Desember tot 15 Desember 1950 op die plaas van **MNR. A. MALAN, OLIFANTSKOP, MALANSTASIE, WELLINGTON.** Alle lede wat die laer bywoon moet sorg dat hulle op 9 Desember in die laer is. Al die treine sal vanaf Vrydagmiddag, 8 Desember, ontmoet word. Reëlings sal getref word vir die vervoer van die laergangers, tente, ens., na die laerterrein.

Boerejeug-offisiere word dringend versoek om die laertrek by te woon en om te organiseer dat soveel moontlik van hul onder-offisiere en manskappe ook teenwoordig is. Onthou, bring elkeen een of twee maats saam — nie-lede.

Persone wat die laertrek bywoon moet sorg dat hulle **name, adresse, ouderdomme** nie later as 1 Desember nie, aan **MEJ. A. CLOETE, RHOSSTR. 43, BELLVILLE** gestuur word. Daar moet ook duidelik gemeld word hoe LAAT en op WATTER DATUM die persoon op Malanstasie en indien die trein nie daar stilhou nie, op Wellington sal aankom.

Die reis- en verblyfkoste na die laer word deur die laerganger self of deur die Boerejeugeenheid se kas gedra. Elke offisier en brandwag moet 15/- by die laer inbetaal vir sy/haar verblyf- en losieskoste.

Persone wat die laer vir minder as 10 dae bywoon se verblyfkoste sal as volg bereken word: offisiere en brandwagte 2/- per dag, met die voorbehoud dat dit nie die totale bedrag oorskrei nie.

Hieronder volg 'n lys van benodigdhede wat elke dogter moet saambring:—

Wasbare klerasie, plathakskoene, reënjas, baaikostuum, toilet-artikels, seep en skoenwaks, sonhoed of kappie, skryfbenodigdhede, handwerk, Boerejeugdrag, 4 komberse, 2 slope, 1 kussing, 2 handdoeke, beker, bord, mes, vurk, lepel, O.B.- en F.A.K.-bundels, Psalmen Gesangboek, Botter.

Dogters moet probeer om soveel moontlik in die offisiële Boerejeugdrag te kom.

Hieronder volg 'n lys van benodigdhede wat elke seun moet saambring:—

4 Komberse, 3 paar kouse, 2 kortbroeke, 2 handdoeke, 3 hemde, 2 paar skoene (1 ou paar), tandeborsel en pasta, reënjas, skryfbenodigdhede, O.B.- en F.A.K.-bundels, Psalmen Gesangboek, Boerejeugdrag, spieël, kam, ens., baaikostuum, skeerbenodigdhede, lyfband, beker, bord, ens., skoenwaks, borsel, hoed of helmet, seep en wasseep.

Seuns moet probeer om soveel moontlik in die offisiële Boerejeugdrag te kom.

As daar persone is wat oor tente beskik sal dit waardeer word as hul dit saambring. Elke veldkornetskap van beide die seuns- en dogters-afdelings moet sorg dat hulle 'n lantern

(Vervolg op bladsy 4 kolom 5)


Vir geurige verfrissing en vroulike verfyndheid



KWV

-Eau de Cologne en -Laventel



PRODUKTE VAN SUID-AFRIKA

K96

U het 'n Droomhuis in die Verskiet

BOU SAAM MET

SAAMBOU

Die Bestuurder, Saambou (Permanente) Bouvereniging, Posbus 4180, Kaapstad. Stuur my asb. u gratis brosjure waarin u verduidelik hoe om ons ideale met gereelde besparings te verwesenlik.

Naam:

Adres:

Kotzé

Kan met trots aanspraak maak dat sy kliënte onder die bes geklede klasse tel.

ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD

# ERNSTIGE BEDENKINGE TEEN BRITSE REGERING

**Gepaard met die waarskuwing dat die vraagstuk van linksgesinde elemente in vertroulike posisies in Brittanje van die hoogste belang en grootste bedreiging is, spreek die noukeurig-ingeligte blad Intelligence Digest die vermoede uit dat daar persone in hoë staatsbetrekkings sit wat simpatiseer met die uiterste linkse bewegings en dat hulle gevolglik nie die nodige bevele gee vir behoorlike voorsorg in die Britse veiligheidsdiens nie.**

**Die blad skryf verder as volg in verband met die verdwyning van die atoomdeskundige, Bruno Pontecorvo, 'n paar weke gelede na Rusland:**

Die verdwyning van professor Pontecorvo is nie net uiters ernstig vanweë die inligting wat hy in staat is om aan Rusland te gee nie, maar is 'n beskamende voorval waarvoor die Britse veiligheidshoofde 'n sware skuld dra. **Vir meeste waarnemers is dit 'n welbekende feit dat 'n hoë persentasie van die atoomdeskundiges sterk linkse neigings het en gevaarlik naby aan die Kommunistiese oortuiging staan.** Die noodsaaklikheid vir sifting- en voorsorgsmaatreëls is derhalwe van eersterangse belang. **Doeltreffende maatreëls is en word egter nie getref nie. Die veiligheid van die Atlantiese moondhede en inderdaad van die hele menslike geslag is en word in gevaar gestel deur die ondoeltreffendheid en skeptisisme van die veiligheidshoofde. Hulle is ondoeltreffend in sifting, onnoukeurig in oordeel en te ongeërg in hul hele optrede.**

### OORLOGSTYD

Dit is 'n heeltemal verskillende toestand van wat tydens die oorlog geheers het toe hoogs vaderlandsliewende en uitstaande persone wat geen Nazi- of Fascistiese neigings gehad het nie, se briewe oopgemaak, hul telefoongesprekke afgeluister en hulle in die algemeen vervolg is. In dosyne gevalle was die betrokke persone uitstaande mense van groot onderskeiding en vaderlandsliewendheid.

Nou dat daar 'n aantal manne rondgaan wat in besit is van ons grootste geheime waarvoor 'n potensiële vyand enige prys sal betaal, en van wie bekend is dat hulle 'n sterk voorliefde vir daardie vyand het en vir jare openlik betrokke was by Kommunistiese en amper-Kommunistiese bedrywighede, word baie weinig gedoen om die land se belange te beskerm.

### DUUR VOORT

Die verdwyning van professor Pontecorvo is hoegenaamd nie die einde van die gevaar nie. Baie ander vooraanstaande wetenskaplikes in sake van hierdie aard voel hulle sterk aangetrokke tot die Sowjet-Unie, nog**tans is hulle vry om te doen net wat hulle wil en hulle kan môre verdwyn met ons hoogste geheime. Of hulle kan voortgaan met hul normale werk en met groot welslae in verbinding bly met vreemde agente onder dekking van die Russiese of enige ander satelliet se diplomatieke sending of op enige ander manier.** Totsover Intelligence Digest.

### TWEE NEGATIEWE

Nadat die blad Union 'n paar maande lank slagspreuke in elke uitgawe bevat het waarin hy aandring op die ontslag van Strachey en Shinwell, onderskeidelik minister van oorlog en verdediging, op grond van hul Kommunistiese neigings in die verlede, stel hy die vraag: „Hoeveel vreemdelinge en Jode word nog steeds vertrou in betrekkings van hoë belang — **bloot omdat hulle anti-Fascisties was in die afgelope oorlog? En beteken dit nie juis nie dat hulle anti-anti-Kommunisties was en logies sowel as grammatikaal maak twee negatiewe 'n positief?**

**„Laat ons alle dwase foppery laat vaar en besef dat anti-Fascis beteken pro-Kommunis.**

„Verder word dit ook nodig, hoe polemies die saak ook al mag wees, om te oorweeg in hoever Jode, veral diegene wat nog nie lank in die land is nie, vertrou kan word dat hulle lojaal teenoor Brittanje sal wees wanneer hul anti-Fascistiese rasse-belange op die spel is. Dit is sekerlik nie blote toeval dat die groot meerderheid verraaiers wat onlangs in ons land en in Amerika en Kanada aan die kaak gestel is weens die verkoop van atoomgeheime aan Rusland, Jode is nie."

**Die blad merk op dat net soos in die geval van Klaus Fuchs ook professor Pontecorvo met die land se hoogste geheime toevertrou is bloot omdat hy 'n „vlugteling" uit 'n Fascistiese staat was.**

## Kanada Soek Duitsers

Kanada het hom in sy veldtog om 150,000 immigrante per jaar vir Kanada te verkry, tot Duitsland gewend. Voorbereidsels word getref om Duitsers per vliegtuig na Kanada te bring.

C. E. S. Smith, Kanadese direkteur van immigrasie, wat gister uit Europa teruggekeer het, het gesê dat transatlantiese lugvaartmaatskappye gevra sal word om spesiale tariewe vir die grootskeepse vervoer van Europese immigrante te verskaf.

Hy het verklaar dat Duitsland na Brittanje miskien die grootste bron van nuwe Kanadese nedersetters sal word. Italië, Nederland en Duitsland is die drie lande wat die gretigste is om hul oorskotbevolking uit te voer.

Kanada se oorlogstydse beperkinge op die immigrasie van Duitsers is in September opgehef.

## Nie-Blankes Vinniger In Nywerhede Opgeneem

Vir elke vyf werknemers in die nywerheid, mynbedryf en vervoerdiens vyftien jaar gelede, is daar vandag agt, volgens die maandelikse opgaaf van werkverskaffing uitgereik deur die kantoor van sensus en statistiek. Daaruit blyk ook dat daar baie meer nie-blankes as blankes in die sekundêre nywerhede in diens geneem is sedert 1935 — naamlik 'n verhouding van 150.1 vir blankes en 239.3 vir nie-blankes as die maandelikse gemiddeld vir 1935 op 100 gestel word.

## Klopjag Op Weekblad

Lede van die speurdiens het verlede Vrydag 'n klopjag uitgevoer op die kantore dwarsdeur die Unie van die weekblad Guardian wat in Kaapstad uitgegee word en wat voor die passering van die wet op onderdrukking van Kommunisme met die Kommunistiese beweging in verband gebring is. Dokumente is vir ondersoek deur die speurders verwyder.

Die betrokke wet bepaal dat die verspreiding van 'n publikasie verbied kan word indien dit deur sy naam of andersins betuig dat hy 'n publikasie is vir die propagering van die beginsels of die bevordering van die verspreiding van die Kommunisme.

## Empire-Eenheidskomitee In Wording

(Vervolg van bladsy 1 kolom 4)

**van die Statebondslande. Hierdie Empire-eenheidskomitee is die liggaam deur middel waarvan Brittanje hom in die Statebond laat geld.**

### STATEBONDSBELEID

Die konferensie sal, na verwag word, tien dae lank sit en enige saak van Empire-belang kan daar aangeroer word. Op die vraag van 'n lid van die laerhuis „of die kwessie van **Statebondsbeleid ten opsigte van rasse-vraagstukke in Afrika deel van die agenda sal uitmaak", het die eerste minister gesê dat „niks van die agenda uitgesluit is nie".**

**Die Statebond kan dus 'n „Statebondsbeleid" neerlê ten opsigte van sekere sake, en daardeur word hy 'n konstitusionele liggaam en verkry die „konferensie van eerste ministers" die status van 'n Statebondskabinet — alles ongeskrewe, net soos die hele Britse samelewing grootliks ingerig is op ongeskrewe wette wat deur langdurige gebruik met wetlike gesag beklee is.**

**Republikanisme het te doen met 'n sluwe vyand en ons sal moet lig loop vir Britse strikke!**

§„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

## Ontwikkeling Van Naturelle-Gebiede

'n Beplanningskommissie vir die maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling van die Unie se naturelle-gebiede is so pas in die lewe geroep deur die Minister van Naturellesake, sen. dr. H. F. Verwoerd.

Sy opdrag is om ondersoek in te stel na en verslag te doen oor 'n omvattende plan vir die rehabilitasie van die naturellegebiede, met die oog op die uitbouing daarbinne van 'n eie volkstruktuur op doeltreffende maatskaplike en ekonomiese grondslag.

Prof. dr. F. R. Tomlinson, bekende landbou-ekonoom van die Universiteit van Pretoria, is benoem tot voorsitter van die kommissie en hy word bygestaan deur agt vooraanstaande geleerdes en deskundiges.

Mnr. J. H. Bruwer Blignault sal as sekretaris van die kommissie optree. Die lede is:

Mnr. C. W. Prinsloo (onderbestuurder van nie-blanke sake van die munisipaliteit van Pretoria); mnr. C. B. Young (assistent-onder-sekretaris (ontwikkeling) van die Departement van Naturellesake); mnr. G. J. Badenhorst (sakeman en boer); dr. C. H. Badenhorst (opvoedkundige en teoloog); dr. J. H. Moolman (ekonomiese aardrykskundige van die Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne); mnr. J. H. J. van Rensburg (boer); prof. F. X. Laubscher (agronoom en genetikus aan die Universiteit van Stellenbosch); en mnr. M. D. C. de Wet Nel L.V. (adjunkvoorsitter van die Naturellesakekommissie).

### TERRITORIALE APARTHEID

Die Ossewabrandwag verwelkom hierdie kommissie van ondersoek. Dit is 'n stap in die regte rigting want die ontwikkeling van die naturelle-gebiede is noodsaaklik om die beleid van territoriale apartheid uit te voer.

Op die pasgehoue laertrek van die beweging in Bloemfontein het mnr. W. R. Laubscher, O.B. se Voorligtingsoffisier, hierdie beleid soos volg gestel:

„Om die erns van sy strewe na territoriale apartheid en die opregtheid van sy aanspraak te bewys dat territoriale apartheid ook die nie-blankes ten goede sal kom, behoort 'n oortuigende begin met territoriale apartheid in die Unie gemaak te word.

### ONTWIKKELINGSKORPORASIE

„Laat die begin gemaak word om die naturelle uit die blanke gebiede te laat terugkom na die naturelle-gebiede en laat daar in hul eie gebiede aan hulle politieke regte en ekonomiese geleenthede gegee word.

**„Om hierdie beleid uit te voer, moet die naturelle-gebiede op omvattende wyse ontwikkel word. Daar moet dorpe aangelê en intensiewe kleinboerdery beoefen word. Groot damme moet gebou word om water en krag vir nedersetters en nywerhede te voorsien. Om dit alles te doen, moet bes moontlik 'n ontwikkelingskorporasie vir die naturelle-gebiede gestig word met 'n paar miljoen pond kapitaal."**

## Strydom Oor Dwase Beleid In Oorlog

**Gedurende die oorlog het Brittanje, Frankryk en die Verenigde State 'n dwase beleid gevolg wat gelei het tot die vernietiging van Duitsland — die enigste bolwerk teen die kommunisme, het mnr. J. G. Strydom, Minister van Lande, op 'n vergadering naby Potgietersrust verklaar. Die moondhede het Duitsland nie net platgeslaan nie maar ook toegelaat dat Rusland die helfte van die land hou en tot 'n kommunistiese staat omskep.**

Mnr. Strydom het voorts gesê dat die Europese beskawing op die oomblik bedreig word soos nooit tevore nie. Rusland en sy satelliete is nou so magtig dat Wes-Europa, met inbegrip van Brittanje, verslaan kan word voordat die Verenigde State iets kan doen om te help.

Spreker het verklaar dat die V.V.O. 'n gevaar is vir Suid-Afrika. In die verlede het elke regering besluit wat om in sy eie land te doen, maar nou is die V.V.O. besig om in S.A. se huishoudelike sake in te meng. Nieblanke lande probeer aan S.A. voorskryf hoe hy sy Indiërs, Kleurlinge en Naturelle moet behandel.

**BRILLE**

**Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.**

**GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.**

**GEHOORAPPARAAT OOK IN VOORRAAD**

**Die Voortrekker-Apteek**

**Kerklaan, KAAPSTAD.**
**Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.**

**Besoek ons of skryf om Besonderhede.**

## AFSLUITINGSFUNKSIE

word gehou op

**Maandag, 4 Desember om 8 nm. in die**

**EBENEZER-SAAL, MAITLAND.**

SPREKERS:

**Dr. F. D. du T. van Zyl, Kaaplandse Leier.**
**Mev. Dr. J. S. du Toit, Kaaplandse Leidster.**

**O.B.-Blaasorkes: Versersinge word bedien.**

Word verwag dat alle offisiere en brandwagte van die Hfgenlskap A1-2 teenwoordig sal wees.

**Vriende en belangstellendes word ook hartlik uitgenooi.**